

**Vraag 9:**

Rond af tot die naaste honderd:

9.1 3 495 209 (1)

9.2 2 034 952 (1)

**Vraag 10:**

Rond af tot die naaste duisend:

10.1 3 439 085 (1)

10.2 5 984 952 (1)

**Vraag 11:** (6)

Hoofreken: gee die antwoord

11.1  $354 \div 1 =$

11.2  $459 - 0 =$

11.3  $455 - 455 =$

11.4  $492 \times 1 =$

11.5  $341 + 0 =$

11.6  $262 \times 0 =$

**Vraag 12:**

Ewe en onewe getalle

12.1 Die eerste onewe getal na 4 512 252 is \_\_\_\_\_ (1)

12.2 Die ewe getal voor 1 894 357 is \_\_\_\_\_ (1)

**Vraag 13:**

Bereken die volgende deur die **kort kolom metode** te gebruik

13.1  $34\ 925 + 37\ 519$  (1)

13.2  $58\ 734 + 23\ 948$  (1)

13.3  $85\ 738 - 29\ 461$  (1)

13.4  $75\ 595 - 21\ 843$  (1)

**Vraag14:**

Bereken

14.1  $345 \times 82$  (1)

14.2  $189 \times 45$  (1)

14.3  $562 \div 13$  (2)

14.4  $632 \div 18$  (2)

**Vraag 15:**

Rangskik in dalende orde

15.1 43 902; 85 727; 58 731; 48 324; 78 978 (1)

15.2  $\frac{2}{7}, \frac{5}{7}, \frac{1}{7}$  (1)

Rangskik in stygende orde

15.3 2 304; 2 982; 2 345; 271; 2 097 (1)

15.4  $\frac{2}{5}, \frac{2}{15}, \frac{2}{10}$  (1)


**Vraag 16:**

Tel op:

16.1  $\frac{3}{9} + \frac{2}{9} =$  (1)

16.2  $\frac{3}{4} + \frac{3}{4} =$  (1)





**Vraag 17:**

Vul >, < of = om die stellings waar te maak:

17.1  $\frac{1}{3}$   $\frac{2}{6}$  (1)

17.2  $\frac{4}{4}$   $\frac{5}{6}$  (1)

17.3  $\frac{1}{4}$   $\frac{1}{3}$  (1)

17.4  $\frac{11}{15}$   $\frac{8}{15}$  (1)

**Vraag 18:**

Bereken

18.1  $2\frac{3}{4} + 3\frac{3}{4}$  (2)

18.2  $8\frac{1}{5} - 2\frac{4}{5}$  (2)

**Vraag 19:**

Bereken

19.1  $\frac{1}{8}$  van 64 (2)

19.2  $\frac{1}{3}$  van R30 (2)

**Vraag 20:**

By die Lego fabriek verpak hulle 25 stukke per boks. Hoeveel stukke het hulle nodig om 628 bokse te verpak? (3)

**Vraag 21:**

Die boer wil sy hoenders verdeel in verskillende hokke. Hy het 882 hoenders. Indien hy 14 hokke het, hoeveel hoenders kan hy in elke hok sit? (3)

**Vraag 22:**

Die geel span het 348 910 vrugte gepluk in die boord. Die rooi span het 452 798 vrugte gepluk. Hoeveel vrugte het die rooi span meer as die geel span gepluk? (3)

**Vraag 23:**

Ma het 'n lekker bak lasagne gebak en in 10 gelyke dele gesny. Pa eet 2 stukke, Ma eet 1 stuk, Boetie eet 2 stukke en jy eet 1 stuk. Watter breuk van die lasagne bly oor? (3)

**Vraag 24:**

13 Hoede kos R715, hoeveel sal 5 hoede kos? (2)


**Vraag 25:**

Daar is 8 wit motors en 2 rooi motors in die straat parkeer.

9.1 Wat is die breukdeel wit motors in die straat? (1)

9.2 Gee die verhouding wit tot rooi motors in die straat? (1)





**Afdeling B: Patrone en Funksies (15punte)**

**Vraag 26:**

Vul die ontbrekende getal in om die getalsin waar te maak:

- 26.1  $8 \times 88 = 8 \times (\_\_\_ + 8)$  (1)
- 26.2  $14 + \_\_\_ + 32 = 32 + 14 + 24$  (1)
- 26.3  $15 \times 5 \times 8 = 8 \times \_\_\_ \times 15$  (1)
- 26.2  $(23 + 28) + 88 = 23 + (\_\_\_ + 88)$  (1)
- 26.3  $5 \times (50 + 2) = 5 \times \_\_\_$  (1)


**Vraag 27:**

Vind die volgende 3 ontbrekende getalle in die reeks:

- 27.1 3, 6, 9, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_ (1)
- 27.2 7, 9, 11, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_ (1)
- 27.3 455, 445, 435, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_ (1)

**Vraag 28:**

Voltooi die vloeiagram: (3)



**Vraag 29:**

Ondersoek die tabel, vind die reël en voltooi die onbekende waardes: (3)

	1	2	5		20
	3		15	18	

**Vraag 30:**


Voltooi die ontbrekende figuur in die patroon (1)





Afdeling C: Ruimte en Vorm (22 punte)

Vraag 31:



31.1 Teken die aansig van die voorwerp vanaf die regterkant (1)

31.2 Teken die aansig van die voorwerp vanaf die bokant (1)

31.3 Teken die aansig van die voorwerp vanaf die linkerkant (1)

Vraag 32:

Benoem die volgende hoeke:




a: \_\_\_\_\_ (1)

b: \_\_\_\_\_ (1)

c: \_\_\_\_\_ (1)






**Vraag 33:**

Maak gebruik van die volgende transformasies om nog een van dieselfde vorms te teken

33.1 Rotasie

(1)



33.2 Refleksie

(1)



33.3 Translasie

(1)




**Vraag 34:**



Benoem die volgende vorms (5)

Vorm	Naam






**Vraag 35:**  
Voltooi die tabel (6)


Vorm	Naam	Aantal vlakke reguit	Aantal hoekpunte	Aantal sye	geboë
					
					

**Vraag 36:**  
Dui die simmetrielyne van die volgende vorms aan: (2)




**Afdeling D: Meting (23 punte)**

**Vraag 37:**  
37.1 Teken die wysers in op die horlosie om 15:45 aan te dui (1)





37.2 Gee die digitale tyd vir die tyd op hierdie horlosie in die aand? (1)



37.3 Was 2014 'n skrikkel jaar? (1)

37.4 Hoeveel weke is daar in 'n maand? (1)

37.5 Hoeveel ure is in 4 dae? (1)

**Vraag 38:**

Ma bak appeltert vir die basaar. Appels kos R17/kg. Sy het 6kg appels nodig. Hoeveel gaan die appels kos? (3)

**Vraag 39:**

Ek is 50cm langer as my broer. My broer is 1,3m lank. Hoe lank is ek in cm (3)


**Vraag 40:**

Kies en skryf die maateenheid neer waarmee jy die volgende sal meet: (4)

Item	Eenheid
Afstand van jou huis na die supermark	
'n Sak sement	
Die lengte van jou tandeborsel	
Hoeveel water in die swembad is	


**Vraag 41:**

41.1 Teken 'n pyltjie om die gewig reg aan te dui: (1)



41.2 Gee hierdie gewig slegs in gram (1)





**Vraag 42:**


Wat is die temperatuur?

42.1 'n Mens se gewone liggaamstemperatuur (1)


42.2 Waar suiwer water kook (1)

**Vraag 43:**


43.1 Wat is die omtrek van hierdie plaas? (1)



43.2 Teken 'n vierkant met 'n oppervlak van 9 vierkante eenhede op hierdie rooster? (1)



43.3 Wat is die volume van hierdie reghoekige prisma? (2)






**Afdeling E: Datahandtering (15 punte)**

**Vraag 44:**

Daar is 'n klomp vrugte in die bak:



44.1 Voltooi die Frekwensietabel:

(4)

**Vrugte**

Vrug	Telmerkies	Frekwensie
Appels		
Pere		
Lemoene		
Aarbeie		

44.2 Teken 'n staafigrafiek

(4)

44.3 Vn watter vrugte is daar die meeste in die bak?


(1)

44.4 Hoeveel vrugte is daar in totaal?

(1)

**Vraag 45:**

Gebruik die sirkelgrafiek en beantwoord die vrae:



45.1 Van watter groente is daar die meeste? (1)

(1)

45.2 Van watter groente is daar ewe veel? (1)

(1)

45.3 Van watter groente is daar die minste? (1)

(1)

45.4 Hoeveel kg groente is daar altesaam? (1)

(1)

45.5 Wat weeg die wortels? (1)

(1)

